Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 11 – JULIE 2020

Geagte ouers

Ons is baie beïndruk met die gehalte werk wat die meeste van die leerders tydens die grendeltydperk tuis gedoen het. Baie dankie vir elke ouer wat daarmee gehelp het. U gaan beslis die vrugte pluk van u harde werk. Sodanige leerders het beslis 'n voorsprong. Die meerderheid Graad R-7 leerders het terug gekeer en ons is aangenaam verras oor hoe gehoorsaam ons leerders is en hoe mooi hul saamwerk en die nuwe normaal aanvaar. Dankie ook vir u aandeel daarin om u kind ingelig en gemotiveerd skool toe te stuur.

PERSONEEL

- Baie geluk aan Me. Candice Lucas-Wa-Kalonji wat op 14 Julie verjaar, Me. Tenishia Engelbrecht op 16 Julie en Me. Renate van der Merwe op 19 Julie.

POSITIEWE COVID 19 GEVAL:

Een van ons leerders in graad 3 F8 het positief getoets vir Covid 19. Hy was op Woensdag 8 Julie laas by die skool en is Maandag 13 Julie getoets en het 14 Julie sy uitslag ontvang. Die leerder het geen simptome gehad terwyl hy by die skool was nie. Die onderwyser het bevestig dat al die leerders in die klas te alle tye hul maskers gedra het en hul sosiale afstand gehou het. Die leerders het gereeld hul hande ontsmet. Die klas word daagliks ontsmet en dit is ook bevestig dat dit gedoen is sedert die leerder laas by die skool was. Die leerder en sy ouers gaan vir 14 dae selfisoleer. In hierdie geval is dit nie nodig dat die skool sluit nie, aangesien niemand in noue kontak met die leerder was sedert die leerder positief getoets is nie of sedert die leerder laas by die skool was nie. Die leerder was sewe dae nie by die skool nie en daarom hou dit geen gevaar in vir die leerders wat nou in die skool is nie.

HANTERING VAN POSITIEWE GEVALLE

- Ons het vandag die nuwe Protokol ontvang en dit het wysigings t.o.v die vorige protokol wat ontvang is:
- **Wanneer 'n onderwyser of leerder positief toets:**
  - Ontsmet die aangetaste gebiede slegs 'n paar uur en moenie die hele skool toemaak nie.
  - Rapporteer die voorval.
  - Plaas onderwyser of leerder op verpligte selfisolasie van 14 dae.
  - Leerder of onderwyser keer net weer terug na werk of skool as hulle geen simptome het nie. Dus as leeder of onderwyser na 14 dae selfisolasie steeds simptome het, mag hul nie terugkeer nie.
  - Geen Covid-toetsvereistes is nodig voordat leerder of opvoeder terugkeer werk toe of skool toe na selfisolasie van 14 dae nie.
- **Algemene intervensies as persone positief getoets is en die wat griepsimptome het:**
  - Toets vir COVID-19 en as positief toets plaas in verpligte isolasie van 14 dae.
  - As toets negatief is maar persoon het griepsimptome, moet persone tuis bly tot simptome weg is.
  - BELANGRIK: Persone wat in selfisolasie is, mag nie die huis verlaat nie en moet kos en medisyne laat aflewer by die huis. Sodanige persone mag ook geen kontak hê met persone buite die huishouding nie.
- **Algemene definisie van noue kontak:**
  - Opvoeders en leerders wat binne 1m van mekaar was vir 15 minute sonder dat hul 'n masker, skerm of buff aangehad het.
  - Persoon wat in noue kontak was moet vir 14 dae selfisoleer.
- **Intervensie as persoon nie noue kontak gehad het met 'n bevestigde geval nie:**
  - Gaan voort met werk- en onderwysaktiwiteite.
  - As simptome ontwikkel laat toets en bly tuis tot uitslae ontvang is.
- **BELANGRIK:**

- Moenie u kind skool toe stuur as iemand wat saam met u in die huis bly, positief getoets is vir Covid 19 nie.
- Selfisoleer vir 14 dae as u **noue kontak** met 'n persoon gehad het wat positief getoets is. Selfisolasie beteken dat u nie die huis verlaat nie en nie kontak met mense van buite het nie.
- Moenie u kind skool toe stuur met 'n koors of met simptome wat verband hou met Covid 19 nie.
- Moenie dat u kind buite skoolverband **noue kontak** hê met 'n maat nie. Maak seker hul sit ver genoeg uit mekaar uit en of dra hul masker / skerm of buff en saniteer gereeld hande. Ons beveel aan dat die leerders eerder nie met maats kuier tot en met einde Augustus nie. As hul maats na skool sien volg dieselfde regulasies as wat hul by die skool volg.

- **VEILIGHEIDSRIGLYNE WAT SKOOL VOLG:**
  - 'n Leerder sit op sy of haar eie bank, 1.5 m van ander leerders.
  - Daar is hoogstens 20 leerders per klas.
  - Die leerders wissel nie, die personeel wissel.
  - Leerders word elke dag gesif m.a.w. hul temperatuur word gemeet en antwoorde rakende Covid 19 simptome word gekontroleer.
  - Leerders en personeel dra te alle tye maskers, buffs of skerms in die klas en op die terrein.
  - Indien leerders eet, mag hul die masker afhaal maar moet 1.5 m van mekaar af sit.
  - Spesifieke klasse hou pouses in spesifieke areas en op verskillende tye en sosiale afstand word gehandhaaf.
  - Tafels en stoele en deurhandvatsels en toilette word daagliks gesaniteer.
  - Leerders saniteer telkens hul hande as hul in die klas instap en uitstap.

Ons hou streng by die veiligheidsregulasies so dit is uiters onwaarskynlik dat die hele skool sal toemaak as daar 'n positiewe geval is. Ons sal dadelik bepaal met wie die positiewe persoon noue kontak gehad het, daardie persone instruksies gee om te selfisoleer en dadelik die klaskamers saniteer. Ons sal u as ouer ook telkens inlig.

SKOOLKWARTALE VIR DIE RES VAN 2020

- Kwartaal 2 - Sluit 7 Augustus. Ons het 'n volle 2 dae vakansie!
- Kwartaal 3 – 12 Augustus - 23 September
- Kwartaal 4 – 5 Oktober - 15 Desember

DATUMS WANNEER DIE GRADE TERUGKEER NA DIE SKOOL

- Neem kennis van die terugkeer datums vir die volgende grade soos aangekondig in die Staatskoerant van 7 Julie 2020:
  - Graad 3 – 20 Julie
  - Graad 1 en 2 – 27 Julie
  - Graad 4 – 17 Augustus
  - Graad 5 – 31 Augustus

TUISONDERRIG

Danie Malan tuisonderrig is toelaatbaar in die volgende gevalle:

1. **Leerders moet reeds by die skool wees en kies om tuis te bly en Danie Malan tuisonderrig te ontvang. Op die oomblik is dit 'n ouer van 'n Graad R, 6 en 7 leerder wat verkies dat die leerder tuisonderrig ontvang van die skool. Of – U gaan nie u leerder in Gr 1,2,3,4,5 terug stuur skool toe op die datum aangekondig in die Staatskoerant nie.**
   - Sodanige leerder bly steeds 'n ingeskrewe leerder van Laerskool Danie Malan.
   - U moet aanlyn aansoek doen vir tuisonderrig en die nodige dokumentasie vir lilani@daniemalan.co.za epos.
   - Leerders se skoolgeld moet betaal wees om die diens te kan kry.
   - Sodanige leerders sal daagliks moet aanteken met 'n "google form"- skakel, en sal nie afwesig gemerk word nie.
   - Die week se werk word op Vrydae op Google classroom gelaai.
   - Net twee dae se werk word weekliks op Google classroom gelaai.
   - Dag 1 se werk is genoeg en kan oor 2 dae gedoen word en Dag 2 se werk dan ook oor 2 dae.
   - Harde kopieë word nie meer voorsien nie. Ouers moet self afskrifte maak indien die leerders dit benodig.
   - Leerders sal in kennis gestel word, indien hul skool toe moet kom vir formele assessering. Dit sal na skool plaasvind.
2. **Leerders moet eers later volgens die Staatskoerant van 7 Julie terugkeer na die skool. Die ouer kies om die leerder tuis te hou en eers op die vasgestelde datum skool toe te stuur.**
   - Die ouers van die leerder moet die klasonderwyser skriftelik in kennis stel per epos.
   - Die leerder sal afwesig gemerk word, maar sal nie gederegistreer word nie en sal ook nie die jaar druip, bloot weens aantal dae afwesig nie.
   - Die week se werk word op Vrydae op Google classroom gelaai.
   - Net twee dae se werk word weekliks op Google classroom gelaai.

- Dag 1 se werk is genoeg om oor 2 dae te doen en net so kan Dag 2 se werk oor 2 dae gedoen word.
- Harde kopieë word nie meer voorsien nie. Ouers moet self afskrifte maak indien die leerders dit benodig.
- Daar is geen formele assessering vir die leerders nie. Formele assessering begin eers in kwartaal 3.

3. **Leerders wat in selfisolasie is of wat siek is en tuis bly.**
   - Die ouers van die leerder moet die klasonderwyser skriftelik in kennis stel per epos.
   - Die leerder sal afwesig gemerk word, maar sal nie gederegistreer word nie en sal ook nie die jaar druip bloot weens aantal dae afwesig nie.
   - Die week se werk word op Vrydae op Google classroom gelaai.
   - Net twee dae se werk word weekliks op Google classroom gelaai.
   - Dag 1 se werk kan oor 2 dae gedoen word en Dag 2 se werk ook oor 2 dae.
   - Harde kopieë word nie meer voorsien nie. Ouers moet self afskrifte maak indien die leerders dit benodig.

GOOGLE CLASSROOM

- Moenie die WhatsApp groep verlaat sodra u op Google classroom is nie, want u gaan steeds belangrike inligting op die WhatsApp groep ontvang. Stel eerder by u "settings" dat niks van daardie WhatsApp groep op u foon laai nie.
- Die proses werk as volg:
  - U het 'n skakel ontvang vir 'n google-vorm registrasie. Indien u nie meer die skakel het nie, epos asb vir googleclassroom@daniemalan.co.za en versoek die skakel.
  - Sodra u kind se eie unieke DM e-posadres geregistreer is, sal u dan na Google classroom kan gaan.
  - U kind kan Google classroom van die "Play Store" gaan aflaai op 'n foon of op 'n rekenaar. Indien u kind 'n ou foon gebruik, is dit nie nodig dat die foon 'n simkaart moet hê nie. Dit moet slegs internet toegang hê.
  - U kind sal slegs toegang tot die werk kry op Google classroom as hul met hul Danie Malan epos-adres wat ons vir hul geskep het in"log". As u dus nie die Google-vorm voltooi nie, kan ons nie vir u kind 'n eposadres skep nie en sal u kind nie toegang tot die werk kry nie.

WATERBOTTELS:

- Ons versoek dat u vir u kind 'n waterbottel skool toe sal stuur om te gebruik en u kind af te raai om in hierdie tyd water uit 'n kraan te drink.

LAATKOM:

- Neem kennis dat die skool 07:20 vir Graad 4-7 leerders begin en 08:00 vir Graad R-3.
- Maak seker dat u kind betyds is vir skool.
- Leerders wat laat kom sal 'n debiet (-1) ontvang per dag vir laatkom.

AFWESIGHEDE:

- Moenie u kind onnodig uit die skool hou nie.
- Maak seker dat u kind op Vrydae skool bywoon, indien u kind 'n brief oor Vrydag-bywoning ontvang het. Skoolbywoning op Vrydae is verpligtend vir sodanige leerders.
- Indien u onseker is of u kind op 'n Vrydag skool moet bywoon epos asb. u kind se voogonderwyser om te bevestig.

EIENAARSKAPPROJEK - SANITEERSTASIES WAT MET TRAPMEGANISMES WERK

- Ons het 13 saniteerstasies aangekoop wat met 'n trapmeganisme werk. Daar is ook drie klasonderwysers wat self een aangekoop het.
- Die Graad 1 en R klasse en toilette het die saniteerstasies wat met die trapmeganisme werk. Die ander klasse gebruik bottels.
- Daar is 'n groot behoefte by die personeel en leerders dat daar saniteerstasies wat met 'n trapmeganisme werk in al die klasse gesit kan word. Dit is baie gerieflik.
- Die skool kan egter nie nog hierop geld spandeer nie, aangesien ons uitgawes reeds baie hoog is en ons inkomste aansienlik gekrimp het.
- Indien u 'n saniteerstasie wat met 'n trapmeganisme vir u kind se klas kan skenk laat weet asb. die voogonderwyser. U kind sal heeldag daarby baat vind aangesien die leerders in dieselfde klas bly gedurende die dag.
- Ons kort 33 saniteerstasies dan is daar een in elke klas.

MASKERS:

- Ons het baie maskers oor. Indien u twee maskers vir u kind benodig, laat weet asb. u kind se voogonderwyser.

- Ons sal dan vir sodanige kinders maskers gee.

FOTOBOEK GRAAD 7

- Ons is besig om 'n Graad 7 Fotoboek van 100 bladsye saam te stel. Die boek gaan net Graad 7 foto's van die jaar bevat en gaan volkleur wees. Die koste per boek is **R250.00** vir 'n sagtebandboek. Voorbeelde kan besigtig word by die kantoor. **Indien u 'n elektroniese betaling doen moet u, u familiekode en fotoboek as verwysing gebruik. Indien u dit nie doen nie gaan u betaling nie na die korrekte begrotingsrekening geplaas word nie. Dring ook aan op 'n kwitansie en hou asb. tot u die fotoboek ontvang het.** Die laaste dag vir betalings is 30 November. Die volgende foto's gaan in die boek verskyn:
  - Klasfoto's en enkelfoto's van elke graad 7 leerder en klas.
  - Waatlemoenfees, Sokkie, Gedenkmuur, Merietefunksie, Kleurfees, Atletiek, Netbal, Tennis, Koor, Skaak, Terug skool toe na inperking, lockdown foto's ens.
- Neem kennis dat die leerders die boek eers in 2021 sal ontvang. Ons sal u per SMS inlig as u die boek kan kom afhaal.

HERWINNING

- Onthou om papier, karton, plastiekbottels en blikkies skool toe te stuur.
- Ons versoek dat u dit nou in hierdie tyd self op 'n Dinsdag voor die herwinningshek net bokant die kantooringang in Koos de La Reystraat sal gaan aflaai.
- U kan dit op die sypaadjie voor die hek los. Lucky sal dit daar kry.
- Maak seker dat die items wat u bring reeds skoon is en wel herwin kan word.

NASKOOL

- Leerders mag na die naskool kom op die dae wat hul skool toe mag kom.
- 'n Verlaagde tarief van R520.00 per maand is betaalbaar of R130.00 per week.
- Nuwe leerders kan van maand of week opsies gebruik maak.
- Kontak Joeanne by naskool@daniemalan.co.za vir meer inligting.

BESTELLING VAN FOTOS

- Onthou om asb die bestelvorm in te vul en terug skool te stuur.
- Betalings moet direk aan Johan Spies gemaak word (bankbesonderhede op bestelvorm).
- 'n Bewys van betaling moet aan die bestelvorm aangeheg word.
- Daar is baie ouers wat betaal het maar nog geen bestelvorm ingestuur het nie.

BETALING ONTVANG - NOG GEEN BESTEL VORM ONTVANG NIE
27.01.2020 JSF9858 60.00
28.02.2020 DM Botha 180.00
01.03.2020 DM Oosthuizen 340.00
12.03.2020 DM T Leibrandt 180.00
13.03.2020 DM Haarhoff 110.00
13.03.2020 DM Jansen v Vuuren 290.00
13.03.2020 DM Craig 90.00
13.03.2020 DM Jardimc 90.00
13.03.2020 DM Jones Gr3 B2 320.00
14.03.2020 DM Du Plessis Gr 6 F6 285.00
14.03.2020 DM Du Plessis Gr 6 F6 30.00
16.03.2020 DM Rocha 130.00
16.03.2020 DM Direro 160.00
16.03.2020 DM Uys 120.00
16.03.2020 DM Groenewald 60.00
17.03.2020 DM Lotter 220.00
17.03.2020 DM Tsoeu 210.00
17.03.2020 DM Klaassen 375.00
17.03.2020 Gr 7D6 Klasfoto DM V 30.00
17.03.2020 DM Venter 65.00
17.03.2020 DM Marais 180.00
17.03.2020 DM Viljoen DSC 2219 90.00
18.03.2020 DM De Villiers 590.00
19.03.2020 DM Liebenberg 120.00
19.03.2020 DM Van Emmenes 120.00
22.03.2020 DM Blessing Theuniss 110.00
27.03.2020 DM Brits 220.00
31.03.2020 DM JV Vuuren 90.00
03.04.2020 DM Van Tonder 180.00
09.04.2020 DM JP Thomas 180.00

07.04.2020 DM Oelofse 130.00
14.04.2020 DM Van Kleef 405.00
14.04.2020 DM Van Wyk 160.00
14.04.2020 DM Potgieter 1 130.00
14.04.2020 DM Pogieter 3 285.00
17.04.2020 DM DSC2523 & JSF3159 260.00
21.04.2020 DM Yssel 90.00
23.04.2020 DM Botha 120.00
24.04.2020 JSF1046/3213/0935 195.00
26.04.2020 DM Bezuidenhout Mala 120.00
26.04.2020 DM Bezuidenhout Ziva 60.00
30.04.2020 DM Louw Jikita 160.00
07.05.2020 DM Beyer 120.00
15.06.2020 DM Pretorius Franco 120.00
15.06.2020 DM Botha DSC 2623 105.00
30.06.2020 DM Bornman 160.00
30.06.2020 DM Bornman 20.00
30.06.2020 DM Hough Gr 3-C3 180.00
06.07.2020 DM Botha 155.00
07.07.2020 DM Wernich 90.00
08.07.2020 DM Bezuidenhout 600.00
08.07.2020 DM Bezuidenhout 65.00

- Laat vir Mnr. Piek via epos (raymond@daniemalan.co.za) weet indien die betaling u bestelling was. Die bestelvorm moet dan skool toe gestuur word.
- Indien daar nog enige ander uitstaande fotos is, laat weet gerus vir Mnr. Piek

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith



Projekte | Projects

Blikkies | Tins

60 Blikkies | Tins = 1Kg
30 Blikkies | Tins = 0,5Kg

2L Plastiek bottels |
2L Plastic bottles

20x2L Bottels =1Kg
20x2L Bottles =1Kg

500ml Plastiek bottels |
500ml Plastic Bottels

38x500ml Bottels =1Kg
38x500ml Bottles =1Kg

Alle blikkies en bottels moet plat gemaak word voordat dit in gehandig word |
All tins and bottles must be flattened before handing them in

Die Omgewing:

Ons moedig die gemeenskap aan om te herwin.
Die gemeenskap / publiek kan by die skool herwinbare produkte aflos.

The Area:

We encourage the community to recycle.
The Community / Public will also be able to dispose of their recyclables at school

Wat kan deur die publiek herwin word ? | What can be recycled by the public ?

Plastiek sakke|
Plastic bags

Plastiek bottels |
Plastic bottles

Bokse |
Boxes

Papier |
Paper

Blikkies |
Tins

Alle herwinbare produkte moet self skoon en gesorteer wees.
All recycled products must be cleaned and sorted.